Investments

Bepalings en Voorwaardes vir Sanlam Effektetrusts

Hierdie bepalings en voorwaardes is van toepassing op u belegging by ons. Dit is u verantwoordelikheid om seker te maak dat u dit verstaan. As enigiets nie vir u duidelik is nie, skakel asseblief ons Kliëntedienssentrum by 0860 100 266 voordat u om die belegging aansoek doen.

In hierdie bepalings en voorwaardes beteken:

CISCA	Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, 45 van 2002
Akte	Die trustakte van die Skema (soos van tyd tot tyd gewysig en aangevul deur die aanvullende aktes)
MOD	Minimum Openbaarmaking-dokument
Skema	Die effektetrustskema wat deur Sanlam Kollektiewe Beleggings (Afg.) (Edms.) Bpk. bestuur word
U	Die eienaar van die belegging wat op die Aansoekvorm genoem word
Ons	Sanlam Kollektiewe Beleggings (Afg.) (Edms.) Bpk. (1967/002865/07).

Inhoudsopgawe

1. OOREENKOMS 2

2. HIERDIE BELEGGING 2

3. U OPDRAGTE AAN ONS 4

4. BETALINGS ONTVANG 5

5. FOOIE EN KOSTE 6

6. ONOPGEËISTE BATES 6

7. GEBRUIK EN DEEL VAN U PERSOONLIKE INLIGTING 7

8. ONS BELEID OOR BELANGEBOTSING 8

9. KLAGTES 8

U kontrak met ons

U kontrak met ons bestaan uit:

1. Die ondertekende Aansoekvorm
2. Hierdie bepalings en voorwaardes
3. Die Akte van die Skema. Ons sal u op aanvraag van ‘n afskrif van die akte voorsien.

Die fooie en minimum beleggingsbedrae uiteengesit op die MOD-vorm is ook ‘n integrale deel van u ooreenkoms met ons. Die MOD bevat verder ander belangrike inligting wat op u belegging van toepassing is.

1. Ooreenkoms

Deur die Aansoekvorm te onderteken, bevestig u dat:

1. U die magtiging en regsbevoegdheid het om hierdie transaksie aan te gaan.
2. U regs- en finansiële advies ontvang het waar nodig.
3. U die inhoud van hierdie Aansoekvorm en Bylaes gelees het, dit verstaan en daarmee akkoord gaan
4. U verstaan dat die Akte op hierdie belegging van toepassing is.
5. Die inligting wat u verstrek het oor die land waarvan u 'n burger is en waarin u vir belastingdoeleindes woonagtig is, korrek is.
6. Die geld wat u wil belê van 'n wettige bron afkomstig is. U stem in om enige vrae te beantwoord oor die bron van die geld wat u vir hierdie belegging wil gebruik en bykomende inligting te verskaf waar nodig. (Dit is 'n vereiste van die Wet op die Voorkoming van Georganiseerde Misdaad, 1998.)
7. U bewus is van en toestem tot alle koste en heffings wat met hierdie belegging verband hou.
8. U verstaan dat daar geen waarborg ten opsigte van die kapitaalwaarde van u belegging is nie.
9. U vertroud is met die inhoud van die tersaaklike Minimum Openbaarmaking-dokumente en dit verstaan.
10. U verstaan dat dit u plig is om u vertroud te maak met en die risiko's verbonde aan hierdie belegging te aanvaar.
11. U volle verantwoordelikheid aanvaar om Sanlam in kennis te stel van enige veranderinge in u persoonlike inligting (bv. adresverandering, verandering van u van en kontakbesonderhede).

2. Hierdie belegging

Effektetrusts

Effektetrusts is beleggings waar u geld met die geld van ander beleggers saamgevoeg word om saam 'n portefeuljes van bates te koop. Die portefeulje kan aandele, effekte, eiendom en kontant insluit. Die portefeulje word in talle gelyke onderaandele verdeel en elke belegger ontvang 'n aantal onderaandele vir die bedrag wat hulle belê het. Ons het 'n skema daargestel waardeur ons veelvuldige portefeuljes of fondse, elk met sy eie beleggingsdoelwit, kan administreer.

Die Akte sit die reëls uiteen vir hoe ons die skema en elke fonds bestuur.

Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings.

Sanlam Kollektiewe Beleggings, die fondsbestuurder en trustee van die Skema

Sanlam Kollektiewe Beleggings (Afg.) (Edms.) Bpk. is ingevolge CISCA die gemagtigde bestuurder van die Skema (insluitend alle fondse onder die Skema). Die Sanlam Groep is 'n volle lid van die Vereniging van Spaar en Belegging Suid-Afrika (ASISA).

Ons aanvaar volle regsverantwoordelikheid vir portefeuljes met 'n medehandelsmerk. Dit is fondse waar ons die fonds stig en administreer, terwyl die fondsbestuurder die bates van die fonds bestuur en die bemarking van die fonds doen.

Ons stel fondsbestuurders aan om die beleggings van elke fonds te bestuur ooreenkomstig 'n mandaat wat hulle magtig om dit te doen. Die fondsbestuurders is gemagtigde finansiëlediensverskaffers ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 2002. Die besonderhede van die fondsbestuurder van 'n bepaalde fonds word in die MOD van daardie fonds uiteengesit.

Standard Bank van Suid-Afrika Beperk is die aangestelde trustee van die Skema ingevolge die Akte en is ingevolge CISCA gemagtig. Die trustee hou toesig oor ons administrasie van die Skema ingevolge CISCA en hou ook al die bates van die fondse in veilige bewaring.

U besluit oor die geskiktheid van hierdie belegging vir u behoeftes

Deur in Sanlam-effektetrusts te belê, bevestig u dat:

1. U die risiko's verbonde aan hierdie belegging aanvaar.
2. Ons u nie enige finansiële of beleggingsadvies oor die belegging gegee het nie.
3. U sorgvuldig oorweeg het of hierdie belegging vir u eie behoeftes, persoonlike beleggingsdoelwitte en finansiële situasie geskik is.

Die belangrikheid van die Minimum Openbaarmaking-dokumente (fondsinligtingsblaaie)

Die Minimum Openbaarmaking-dokumente (MOD's) is dokumente wat die aard en prestasie van die fondse waarin u belê, asook die toepaslike risikoprofiel, verduidelik. Dit sit ook die fooie, koste en maksimum kommissies van elke fonds uiteen. Die tersaaklike Minimum Openbaarmaking-dokumente is op ons webwerf by www.sanlamunittrusts.co.za beskikbaar, of u kan ons by 0860 100 266 skakel.

Deur hierdie Aansoekvorm te onderteken, bevestig u dat u die Minimum Openbaarmaking-dokumente verstaan wat op die fondse wat u kies van toepassing is.

U belegging kan styg of daal

1. Die waarde van onderaandele (deelnemende belange) kan styg of daal.
2. Vorige prestasie is nie noodwendig ‘n aanduiding van toekomstige prestasie nie.
3. Die kapitaalwaarde en beleggingsopbrengs van u portefeulje kan styg of daal. **Ons verskaf geen waarborge oor die kapitaal of opbrengs van ‘n portefeulje nie.**
4. Portefeuljes wat in internasionale beleggings belê, of beleggings in buitelandse sekuriteite kan bykomende risiko’s inhou en markinligting kan beperk wees.

Hoe ons die onderaandeelprys bereken

1. Ons bereken die pryse van effektetrusts op die grondslag van netto batewaarde soos in die Akte uiteengesit. (Die netto batewaarde is die totale waarde van alle bates in die portefeulje, insluitend enige opgelope inkomste, minus enige toelaatbare aftrekkings van die portefeulje, gedeel deur die aantal onderaandele in die portefeulje.) Ons bereken die prys daagliks en elke koop en verkoop van onderaandele geskied teen die prys wat vir daardie dag bereken is (die heersende prys).
2. Effektetrusts word teen heersende pryse verhandel, waarvoor verwagte pryse gebruik word. (Verwagte prys beteken dat die prys wat vir koop- en verkoopopdragte van onderaandele gebruik word, die volgende netto batewaarde of verwagte prys is. Dit beteken dat die onderaandeelprys wat vir ‘n transaksie gebruik sal word nie bekend is wanneer die opdrag gegee word nie.)
3. Die prys van onderaandele kan styg of daal volgens die waarde van die onderliggende bates in die betrokke portefeulje. Dit sluit nie die geldmarkfondse in nie.
4. In die geval van die Sanlam Alternatiewe Inkomstefonds en enige geldmarkfondse is die prys van elke onderaandeel op ‘n konstante waarde gemik. Dit beteken dat alle opbrengste in die vorm van ‘n uitkering verskaf word en dat ‘n verandering in die kapitaalwaarde ‘n uitsondering en slegs weens abnormale verliese sal wees.

Bestuur van die fonds

1. Ons mag geld tot ‘n bedrag van 10% van die portefeulje se markwaarde leen, maar net wanneer bates nie te gelde gemaak kan word om deelnemende belange terug te koop of te kanselleer nie.
2. Ons mag, onderhewig aan die voorskrifte van die Akte, die sekuriteite van ‘n fonds aan ander partye leen. Dit word skriplening genoem en is ‘n algemene gebruik in finansiële markte waar ‘n party op ‘n bepaalde tydstip vir ‘n bepaalde doel ‘n sekuriteit leen wat hy nie het nie. Die party wat die sekuriteit uitleen (in dié geval ons), verdien uitleningsgeld. Ons laat ‘n fondsbestuurder slegs toe om sekuriteite van ‘n fonds uit te leen indien hy sodoende ‘n inkomste vir die fonds kan verdien sonder om die risiko vir die fonds uitermate te verhoog. Ons mag sekuriteite van ‘n portfeulje uitleen, maar nie sekuriteite leen om tot ‘n portefeultje by te voeg nie.
3. Ons mag te eniger tyd enige portefeuljes vir nuwe beleggers sluit ten einde dit meer doeltreffend ooreenkomstig hul mandate te bestuur.

Inkomstebetalings

Ons keer al die netto inkomste en dividende wat op die onderliggende beleggings van ‘n fonds verdien word, aan beleggers uit. Elke belegger is geregtig op ‘n uitkering in verhouding tot die aantal onderaandele wat hulle in die fonds besit. U kan kies om u uitkering as ‘n kontantbetaling te ontvang of ons kan dit namens u herbelê. Indien u herbelegging kies, koop ons meer onderaandele vir u. Die herbeleggingsbedrae het dieselfde waarde as wat u sou ontvang het indien u ‘n kontantbetaling gekies het.

Fondse kan maandelikse, kwartaallikse of halfjaarlikse uitkerings doen volgens die aanvullende akte van die betrokke fonds. U kan die uitkeringsfrekwensie van die fondse wat u gekies het in die MOD nagaan. U sal u uitkeringsbetaling of herbelegging binne ‘n maand ná die datum waarop die uitkering bereken en verklaar is, ontvang.

Ons sal inkomstebetalings in u bankrekening doen slegs indien die beleggingstransaksie (bv. debietorders of deposito’s) wat gebruik is om onderaandele te koop, op die inkomstebetaaldatum deur die bank verreken is. Indien die beleggingstransaksie nie verreken is nie, sal ons die inkomstebetalings herbelê.

U kan veranderinge in u belegging aanbring

U kan veranderinge in u belegging aanbring wanneer u persoonlike omstandighede verander. U kan u fondskeuses verander, ‘n gedeelte van of al u onderaandele verkoop, en bykomende betalings in u belegging doen. Aangesien veranderinge in u belegging ‘n impak op u oorspronklike beleggingsdoelwitte kan hê, raadpleeg asseblief u finansiële adviseur of makelaar.

Meer inligting, insluitend brosjures, aansoekvorms en jaar- of kwartaalverslae, is oor hierdie belegging beskikbaar. Skakel asseblief ons Kliëntedienssentrum.

3. U opdragte aan ons

Wie mag opdragte gee?

Ons kan slegs opdragte ontvang van en inligting verskaf aan die volgende persone:

- Die belegger. Dit is die persoon wat by ons as die belegger geregistreer is, selfs al is die betaler iemand anders. Ons registreer die persoon wie se naam as die belegger op die getekende Aansoekvorm ingevul is, as die belegger. Indien die belegger ‘n kind is, sal ons inligting aan die kind se ouer(s) of voog(de) verskaf.
- Die gemagtigde ondertekenaar (ingeval die belegger nie ‘n individu is nie).
- U behoorlik gemagtigde agent (ooreenkomstig ‘n aanvaarbare volmag, wat aan ons voorsien moet word)
- ‘n Ander gemagtigde persoon (soos ‘n kurator, eksekuteur van ‘n bestorwe boedel of die trustee/likwidateur van ‘n insolvente persoon).
- Die aangestelde finansiële adviseur (indien van toepassing)
- Enige regulerende liggame, soos regtens vereis.

Rekeninge vir minderjariges

Ingevolge Suid-Afrikaanse wetgewing is ‘n kind jonger as 18 jaar ‘n minderjarige, wat beteken dat hulle nie volle regsbevoegdheid het om transaksies aan te gaan nie. In alle sake met ons moet ‘n minderjarige dus deur een van hul ouers of voogde verteenwoordig word.

‘n Kind kan een of meer voogde hê, in welke geval albei voogde gelyke regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind se rekening by ons het. Ons voer slegs opdragte van ‘n ouer/voog uit indien hulle ons voorsien van die nodige dokumente soos vereis deur die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (FICA).

Indien u nie die minderjarige belegger se ouer of voog is nie maar namens hulle ‘n rekening wil open en/of tot hul belegging wil bydra, moet u seker maak dat die rekening deur ‘n ouer of voog geopen word.

Wanneer ‘n kind 18 word, verkry hulle volle regsbevoegdheid en het die ouer(s)/voog(de) nie meer enige regte op die rekening nie. ‘n Belegger wat 18 jaar oud is, kan na goeddunke met hul rekening handel en ons word verplig om hulle ingevolge FICA te identifiseer en hul inligting te verifieer. Ons sal die bystand van die ouer/voog wat die rekening geopen het of wat tot die belegger se 18de verjaardag magtiging gehad het, versoek om met die rekening te handel om te verseker dat die belegger volle beheer oor hul rekening verkry.

Maak seker opdragte is duidelik en volledig

‘n Opdrag moet volledig wees. Om volledig te wees, moet u:

1. Die regte vorm vir die transaksie gebruik. (Vorms is by www.sanlaminvestments.com verkrygbaar.)
2. Die vorm invul en waar nodig onderteken.
3. Kontroleer dat die opdragte duidelik is.
4. Enige stawende dokumente wat ons verlang, aanheg.

Sodra ons die volledige opdrag ontvang het, kan ons dit verwerk. Verwerking beteken nie die finalisering van ‘n transaksie nie maar dat al die stappe gedoen word om dit uit te voer. Dit kan ‘n paar uur of ‘n paar dae neem, afhangende van die soort transaksie

As ‘n opdrag nie volledig is nie, sal verwerking vertraag word.

Elektroniese handtekeninge en digitale transaksies

Ons gebruik ‘n gewone elektroniese ondertekeningsproses soos bedoel in Artikel 13(3) van die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002, vir die ondertekening van sekere dokumente, met inbegrip van aansoekvorms waar beskikbaar. Waar van toepassing sal ons besonderhede van die proses, insluitend hoe dit werk en die veiligheidsprotokol wat in plek is, op ons webwerf of op ‘n ander wyse aan u verskaf.

Deur u elektroniese handtekening op die Aansoekvorm aan te bring, stem u in om u aan hierdie bepalings en voorwaardes en enige en alle wysigings of variasies daarvan te onderwerp. Deur van tyd tot tyd u elektroniese handtekening op enige ander vorm van dokument aan te bring, stem u in om u te onderwerp aan die bepalings en voorwaardes wat in daardie dokument uiteengesit word.

U bevestig dat u die persoon is wat u gewone elektroniese handtekening aanbring en dat u redelike maatreëls in plek sal plaas om te verseker dat geen ander persone toegang tot u gewone elektroniese handtekening het nie. U bevestig ook dat u vertroud is met die risiko’s verbonde aan die gebruik van gewone elektroniese handtekeninge in vergelyking met “nat ink” handtekeninge en dat u sodanige risiko’s aanvaar.

Ons kan van tyd tot tyd ook oplossings aan u of u finansiële adviseur beskikbaar stel waardeur ons digitale opdragte (van u of u adviseur) kan ontvang. Voordat ons ‘n opdrag verwerk wat ons op hierdie wyse ontvang het, sal ons u vra om die opdrag te bevestig. Ons sal u bevestiging digitaal aanvra, byvoorbeeld per SMS. U stem in dat ons digitale opdragte mag uitvoer, dat u vertroud is met die risiko’s van digitale transaksies en dat u sodanige risiko’s aanvaar.

Die prys van onderaandele vir die transaksie

Ons bereken die prys van u transaksie volgens die heersende prys van die fonds op die dag wat die transaksie verwerk word. Indien ons u volledige opdrag voor die afsluittyd ontvang, sal die transaksie verwerk word teen die prys wat daardie dag bereken is. Indien ons u volledige opdrag ná die afsluittyd ontvang, sal u opdrag oorstaan tot die volgende dag en sal u die volgende dag se prys ontvang. Die dag waarop ons al die nodige inligting ontvang wat u opdrag volledig sal maak, is die dag waarop u opdrag as volledig beskou word. Enige verlies as gevolg van 'n vertraging van die verwerking weens onvolledige inligting, sal vir u rekening wees.

Afsluittye

Daar is afsluittye vir opdragte aan ons om transaksies namens u uit te voer. Dit is die volgende:

- 11:00 vir die Sanlam Alternatiewe Inkomstefonds
- 13:00 vir geldmarkfondse en
- 15:00 vir alle ander fondse.

Die toepaslike minimum beleggingsbedrae

Minimum bedrae is op sekere opdragte of fondse van toepassing. Hierdie minimum bedrae word in die MOD en/of van tyd tot tyd op ons webwerf uiteengesit. U moet ook 'n voorgeskrewe minimum saldo in u beleggingsrekening hou. Hierdie minimum bedrag word op ons webwerf aangedui.

U onderneem om periodiek u bydraes te verhoog om met die minimums tred te hou. U moet ook verseker dat u rekeningsaldo binne hierdie minimums bly, en dat u saldo's nie tot minder as die minimums daal as gevolg van 'n omskakeling of 'n onttrekking nie. Ons behou die reg voor om u te versoek om u hele belegging om te skakel of die volle belegging in 'n fonds of die saldo van u rekening te onttrek indien die oorblywende saldo minder as die voorgeskrewe minimums sal wees.

Wanneer u nie rente ontvang nie

Ons betaal nie rente in enige van die volgende omstandighede nie:

- Geld vir belegging in 'n fonds word ná die afsluittyd inbetaal
- Geld word op 'n nie-sakedag (d.w.s. openbare vakansiedae, Saterdae en Sondae) inbetaal. Indien die invorderingsdatum van 'n debietorder op 'n nie-sakedag val, sal dit op die volgende sakedag ingevorder word.
- Die inbetaling word in die verkeerde rekening gedoen
- Die opdrag is nie volledig nie (kyk hierbo vir volledige opdragte).

Afbakening van groot onttrekkings

Ons mag afbakening toepas wanneer ons verkoopopdragte van beleggers ontvang wat 'n omskrewe drempel oorskry (Kennisgewing 573 van CISCA is van toepassing). 'n Groot onttrekking uit die fonds kan veroorsaak dat die fondsbestuurder van die onderliggende beleggings van die fonds moet verkoop ten einde die nodige kontant te verkry om die beleggers se koopopdrag uit te voer. Afbakening beteken om bates te skei en die verkoop van onderaandele te vertraag. Ons doen dit sodat ons nie genoodsaak word om die onderliggende beleggings te verkoop teen 'n prys wat 'n negatiewe impak op ander beleggers kan hê nie. Indien u verkoopopdrag deur so 'n afbakening geraak word, sal ons met u in verbinding tree om die proses te bespreek.

U mag nie u onderaandele verhandel op 'n manier wat vir ander beleggers nadelig is nie

Sekere praktyke kan 'n nadelige uitwerking op ander beleggers in 'n fonds hê. Ons kan u rekening monitor vir transaksiepatrone en die grootte van transaksies vir praktyke soos marktydberekening, wat 'n arbitrage-metode is waar 'n belegger stelselmatig onderaandele binne 'n kort tydtjie koop en verkoop om voordeel te trek uit die gebrekkige bepaling van die netto batewaarde van fondse. Hierdie praktyke is nie aanvaarbaar nie omdat dit die prestaasie van die fondse raak deur 'n styging in koste of 'n verwatering van wins weens die toename in transaksies.

Ons behou dus uitdruklik die reg voor om omskakelingsopdragte van 'n belegger af te keur waar ons rede het om te glo dat die belegger met sulke praktyke besig is, sodat ons kan verseker dat ons die nodige stappe kan doen om die ander beleggers in die fonds te beskerm.

4. Betalings ontvang

U bevestig dat die geld wat u belê uit 'n wettige bron afkomstig is

U bevestig dat die geld wat u belê uit 'n wettige bron afkomstig is. U stem in om enige vrae te beantwoord oor die bron van die geld wat u vir hierdie belegging wil gebruik en waar nodig bykomende inligting te verskaf.

Ons kan u geld per debietorder invorder

Indien ons om enige rede nie u maandelikse debietorder kan invorder nie, sal ons die onderaandele wat ons vir daardie transaksie gekoop het kosteloos terugskryf. U sal egter verantwoordelik wees vir enige bankkoste wat ons as gevolg daarvan mag aangaan. U rekening sal gedebiteer word met die onderaandele wat aan u toegeken is.

Indien u debietorder drie keer agtereenvolgens nie betaal word nie, sal ons outomaties die debietorder kanselleer. Dit beteken dat u 'n nuwe debietorderopdragvorm sal moet invul om weer die debietorder in te stel.

5. Fooie en koste

Fooie

Die ondergenoemde gelde is op hierdie belegging van toepassing. Deur hierdie Aansoekvorm te onderteken, stem u in tot hierdie gelde en bevestig u dat u verstaan hoe dit die waarde van u belegging beïnvloed.

Finansiële adviseur se aanvangsfooi (aan u adviseur betaalbaar)	Die aanvangsfooi plus BTW is vooruit betaalbaar. Dit word afgetrek van enige bedrag wat ons ontvang en die netto bedrag word in die fonds belê.
Finansiële adviseur se jaarlikse fooi (aan u adviseur betaalbaar)	Die jaarlikse fooi is 'n jaarlikse persentasie (bv. X%) van u beleggingswaarde. Dit word daagliks bereken en maandeliks van u beleggingswaarde afgetrek.
Jaarlikse bestuursfooie (aan ons betaalbaar)	Die jaarlikse bestuursfooi vir elke fonds waarin u belê, word in die tersaaklike Minimum Openbaarmaking-dokumente uiteengesit. Dit word daagliks bereken en ingevolge CISCA van die fonds self afgetrek. 'n Jaarlikse bestuursfooi kan 'n vaste komponent (wat beteken dat dit as 'n persentasie van die fonds se waarde gehef word) sowel as 'n prestasiegebaseerde komponent hê. Die Minimum Openbaarmaking-dokument van die fonds sal aandui of prestasiefooie gehef word, en indien wel, hoe dit bereken word en teen watter koerse.

Fondse met hoër fooie

1. **'n Fonds van fondse** is 'n portefeulje wat belê in portefeuljes van kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie fooie vasstel. Dit kan 'n hoër fooistruktuur vir die fonds van fondse tot gevolg hê.
2. **'n Toevoerfonds** is 'n portefeulje wat net bestaan uit onderaandele in 'n enkele portefeulje van 'n ander kollektiewe beleggingskema, wat sy eie fooie vasstel. Dit kan 'n hoër fooistruktuur tot gevolg hê.

Koste wat deur die fonds gedra word

Behalwe die jaarlikse bestuursfooie word die volgende koste ooreenkomstig CISCA van die fonds afgetrek:

- Enige koste betaalbaar wanneer portefeuljebates gekoop of verkoop word, soos:
  - Makelaarsloon (wat makelaars op die effektebeurs verdien vir die koop en verkoop van sekuriteite)
  - Oordragbelasting op effekte (STT)
  - Belasting op toegevoegde waarde (BTW)
- ouditeursfooie
- bankkoste
- trustee- en bewaardersfooie
- enige ander heffings en belasting.

Die koste word dus gelykop deur alle beleggers gedeel in verhouding tot die aantal onderaandele wat hulle besit. Die aftrekking van die koste verminder die netto batewaarde van die fonds. Alhoewel u nie regstreeks vir bogenoemde koste betaal soos in die geval van fooie nie, het dit steeds 'n impak op die waarde van u belegging.

Belasting

Die belasting betaalbaar ten opsigte van die onderliggende beleggings van 'n fonds kan 'n impak op die waarde van u belegging hê en word by die koste van die fonds ingesluit. (Totale Kosteverhouging – TER en Effektiewe Jaarlikse Koste – EAC.)

Belasting op toegevoegde waarde word teen die toepaslike koers soos van tyd tot tyd van toepassing gehef op die dienste wat ons of u finansiële adviseur aan u lewer. Ons moet ook terughoubelasting op dividende (DWT) teen die toepaslike koers op u belegging hef.

Ons hoef u nie in kennis te stel van enige veranderinge in hierdie koerse van tyd tot tyd nie, aangesien dit regtens van toepassing is, maar ons kan dit vir inligtingsdoeleindes aan u kommunikeer. U kan ook u belastingsertifikate aan die einde van die belastingjaar nagaan om vas te stel watter belasting gedurende die verslagtermyn op u belegging van toepassing was.

6. Onopgeëiste bates

'n Onopgeëiste bate is enige effektetrustbelegging ten opsigte waarvan daar vir tien jaar geen transaksies aangegaan is nie. In die geval van 'n bestorwe boedel is dit waar meer as drie jaar verstryk het sedert ons van die afsterwe in kennis gestel is. Ons beleid is om voort te gaan om alle inkomste-uitkerings te herbelê totdat die effektetrust verkoop word, ongeag die tydsverloop.

Ooreenkomstig ASISA se Standaard ten opsigte van Onopgeëiste Bates volg ons ’n proses om beleggers of begunstigdes van enige onopgeëiste bates op te spoor. Ons kan enige redelike administratiewe koste van die portefeuljewaarde verhaal, wat die waarde van die belegging sal verminder. Opsporing sal gestaak word wanneer die waarde van die belegging tot onder R1 000 daal of wanneer die opsporingskoste die voordeel van opsporing oorskry. Meer inligting oor die ASISA Standaard ten opsigte van Onopgeëiste Bates en die prosesse is op www.asisa.org.za of by ons Kliëntedienssentrum by 0860 100 266.

Om te voorkom dat u belegging ’n onopgeëiste bate word, is dit u verantwoordelikheid om ons in kennis te stel van enige verandering in u persoonlike inligting.

7. Gebruik en deel van u persoonlike inligting

Sanlam se Verklaring oor Privaatheid

U privaatheid is belangrik. Ons gebruik persoonlike inligting omtrent u, u begunstigdes en afhanklikes slegs in ooreenstemming met Sanlam se Verklaring oor Privaatheid.

U stem toe tot die verwerking van u persoonlike inligting.

U stem toe tot die inwin en verwerking van u persoonlike inligting. As die belegger ‘n minderjarige kind is, bevestig u dat u die bevoegde persoon is om namens sodanige kind toestemming te verleen.

Ons win persoonlike inligting omtrent u in ten einde die beste diens aan u te lewer en die toepaslike wetgewing na te kom. U kan die inligting regstreeks aan ons verskaf (bv. In die Aansoekvorm) of ons kan dit van ander bronne bekom.

Indien u nie toestem dat ons u persoonlike inligting mag gebruik nie, kan dit vertragings veroorsaak wat tot gevolg kan hê dat sekere opdragte nie uitgevoer word nie.

Waarvoor ons u persoonlike inligting gebruik

Ons gebruik u persoonlike inligting om met u te kommunikeer, dienste aan u te verskaf en vir ander doeleindes soos onder meer administratiewe, operasionele, oudit-, bemarkings-, navorsings-, regs-, regulatiewe nakomings- en rekorddoeleindes.

Soos regtens vereis word, hou ons tersaaklike dokumente vir ‘n tydperk van vyf jaar of langer nadat ons sakeverhouding beëindig is. As u aan ons toestemming verleen om u persoonlike inligting vir langer as vyf jaar te hou, sal ons toegang tot u inligting beperk. Dit sal slegs (met u toestemming) gebruik word vir bewarings- of bevestigingsdoeleindes.

U stem ook uitdruklik toe tot die verwerking van u persoonlike inligting by wyse van die vloei van inligting oor grense heen, indien nodig. Dit gebeur waar persoonlike inligting namens u aan diensverskaffers buite die Republiek van Suid-Afrika gestuur moet word vir bewaring of verdere verwerking. Ons sal nie u inligting stuur aan ‘n ander land wat nie dieselfde wetgewing vir die beskerming van inligting in plek het nie, tensy die kontrak dit vereis of as dit in u belang is.

U verleen toestemming aan ons om onder sekere omstandighede u persoonlike inligting te deel

Ons sal nie sonder u toestemming, soos op die Aansoekvorm verleen, u persoonlike inligting buite die Sanlam Groep, sy verwante groepe of agente deel nie.

Ten einde u van doeltreffende diens te voorsien, kan ons moontlik u inligting deel met ons administrateurs of agente wat sekere administratiewe of ondersteuningsdienste vir ons verrig (bv. posverspreiders wat u state namens ons pos), lede van die Sanlam Groep, u finansiële adviseur of makelaar, sowel as met enige regulerende liggame soos deur die wet vereis. Ons kan ook u inligting met buitelandse regulerende liggame deel indien nodig.

Ons kan ook u persoonlike inligting met ‘n derde party deel:

- om enige regsverpligting na te kom
- om u of ons wettige belange te beskerm
- ingeval ons ons besigheid oordra of ons sakeprosesse uitkontrakteer.

U toestemming sluit in die verwerking van u persoonlike inligting vir moontlike bemarkings- of kruisverkoopdoeleindes binne die Sanlam Groep, indien u u toestemming daarvoor op die Aansoekvorm verleen het.

Beskerming van u persoonlike inligting

Ons sal alle redelike stappe doen om die integriteit van enige persoonlike inligting wat ons oor u het, te beveilig en dit teen ongemagtigde toegang te beskerm. Ons sal u inligting vertroulik en veilig hou. U verstaan dat ons nie die veiligheid van inligting wat u elektronies aan ons stuur, kan waarborg nie en u doen dit op u eie risiko.

U het regte met betrekking tot u persoonlike inligting

U het die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gehou word en wanneer ons die inligting sal openbaar. U het die reg om van tyd tot tyd u besonderhede reg te stel en op te dateer. U mag die toestemming wat u aan ons verleen het vir die verwerking van u persoonlike inligting skriftelik terugtrek. Dit kan nie terugwerkend geskied nie en raak nie u inligting wat reeds geopenbaar is nie. U verstaan ook dat dit nie noodwendig sal beteken dat ons die verwerking van al u persoonlike inligting sal staak nie, aangesien daar wettige gronde of regverdiging kan bestaan vir die verdere verwerking van u persoonlike inligting. Dit kan ook tot gevolg hê dat ons nie meer dienste aan u kan lewer nie.

Stel ons in kennis van enige veranderinge in u persoonlike inligting

Dit is u verantwoordelikheid om ons op hoogte te hou van enige veranderinge in u naam, adres, kontakbesonderhede en bankbesonderhede. 'n Vorm vir die Opdatering van Beleggersbesonderhede is by www.sanlamunittrusts.co.za verkrygbaar.

8. Ons beleid oor belangebotsing

Ons bestuur, doen verslag oor en openbaar alle werklike en moontlike belangebotsings ooreenkoms die Beleid oor Bestuurders se Belangebotsings en Uitkontraktering. Ons sal op aanvraag 'n afskrif aan u voorsien of u kan dit by www.sanlamunittrusts.co.za kry.

9. Klagtes

Ons wil u graag uitstekende kliëntediens bied, maar soms loop sake verkeerd. As u nie met ons diens tevrede is nie, of as enige van ons produkte u teleurgestel het, wil ons graag daarvan hoor. Tree asseblief met ons in verbinding:

- Telefoon 0860 100 266
- E-pos: complaints@sci.sanlam.com
- Vul 'n klagtevorm aanlyn in by
- Besoek u naaste Sanlam-kantoor.

U mening is vir ons belangrik. Wanneer ons 'n klagte ontvang, sal 'n aangewese klagtespan dit ondersoek en probeer om dit so gou moontlik op 'n regverdige manier op te los.

As die klagte nie tot u bevrediging opgelos is nie, kan u dit na die Sanlam Arbiter verwys. Die Sanlam Arbiter is 'n onpartydige persoon wat geskille tussen ontevrede kliënte en Sanlam besleg.

- E-pos: arbitrator@sanlam.co.za
- Fax: 021 - 957-1786

Vrywaring

Die Sanlam Groep is 'n volle lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA. Kollektiewe beleggingskemas is oor die algemeen medium- tot langtermynbeleggings. Let asseblief daarop dat vorige prestasie nie noodwendig 'n akkurate bepaling van toekomstige prestasie is nie, en dat die waarde van beleggings / onderaandele / effektetrusts kan daal sowel as styg. 'n Lys van fooie en koste en maksimum kommissies is beskikbaar by die Bestuurder, Sanlam Kollektiewe Beleggings (Afgeb.)(Edms.) Bpk., 'n geregistreerde en goedgekeurde Bestuurder van Kollektiewe Beleggingskemas in Sekuriteite. Bykomende inligting oor die voorgestelde belegging, insluitend brosjures, aansoekvorms en jaarlikse of kwartaallikse verslae, kan gratis by die Bestuurder verkry word. Kollektiewe beleggings verhandel teen heersende pryse en mag lenings en skriplenings aangaan. Kollektiewe beleggings word op die grondslag van netto batewaarde bereken, wat die totale markwaarde van alle bates in die portefeulje is, met inbegrip van enige inkomste-oploping en minus enige aftrekbare uitgawes soos oudit-, makelaars- en diensfooie. Werklike beleggingsprestasie van die portefeulje en die belegger sal verskil, afhangende van die aanvangsfooie wat van toepassing is, die werklike beleggingsdatum, die datum van herbelegging van inkomste, sowel as terughoubelasting op dividende. Verwagte
pryse word gebruik. Die Bestuurder verskaf geen waarborg óf met betrekking tot die kapitaal óf die opbrengs van 'n portefeulje nie. Die prestasie van die portefeulje hang af van die onderliggende bates en veranderlike markfaktore. Prestasie word gegrond op netto batewaarde tot netto batewaarde-berekenings met inkomsteherbeleggings op die ex-dividenddatum.
Enkelbedragbeleggingsprestasies word opgegee. Die portefeulje kan belê in ander effektetrustportefeuljes wat hul eie fooie hef, wat 'n hoër fooistruktuur vir ons portefeulje tot gevolg kan hê. Al die portefeulje-opsies wat aangebied word, is goedgekeurde kollektiewe beleggingskemas ingevolge die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, Nr 45 van 2002 ('CISCA'). Internasionale beleggings of beleggings in buitelandse sekuriteite kan bykomende risiko's dra, en die beskikbaarheid van markinligting kan beperk wees. Die Bestuurder het die reg om enige portefeuljes vir nuwe beleggers te sluit ten einde dit meer doeltreffend ooreenkomstig hul mandate te bestuur. Die portefeuljebestuur van al die portefeuljes word uitgekontrakteer aan verskaffers van finansiële dienste wat ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 2002, gemagtig is. Standard Bank van Suid-Afrika Bpk. is die aangestelde trustee van die Sanlam Kollektiewe Beleggingskema.